| | | |
|---|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE | |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE | |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE | |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE | |

# IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling, Kimberley)

Hersieningsnr / Review Case No: **26 / 2016**
Landdroshofnr / Magistrate's serial No: **04 / 2016**
Datum beskikbaar: / Date available: **12 / 08 / 2016**

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

en

**JERRY REYNOLD VOS** Beskuldigde

*Coram:* Olivier, R en Erasmus, WnR

## UITSPRAAK OP SPESIALE HERSIENING

**Erasmus, WnR**

[1] Die saak is in terme van Artikel 304 van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977 ('die SPW') op hersiening gestuur deur die Landdros Kakamas, Me. Du Toit, nadat sy van oordeel was dat sy fouteer het met betrekking tot 'n wanverskyningsondersoek wat gehou is in terme van artikel 170(2) van die SPW.

[2] Die beskuldigde het tereggestaan op ‘n aanklag van strafbare manslag wat egter intussen van die rol verwyder is. Die beskuldigde het versuim om die hof by te woon op 29 Januarie 2016 en ‘n lasbrief vir sy arrestasie is gemagtig. Hy het weer op 7 Maart 2016 verskyn en is ‘n ondersoek na sy wanverskyning gehou. Hy is onskuldig bevind. Die beskuldigde is op daardie dag gewaarsku om die hof by te woon op 17 Maart 2016.

[3] Op 17 Maart 2016 was die beskuldigde weereens afwesig en is ‘n lasbrief vir sy onmiddellike arrestasie gemagtig. Hy het op daardie lasbrief verskyn op 16 Mei 2016. ‘n Ondersoek is gehou ten opsigte van sy wanverskyning en is hy op 18 Mei 2016 skuldig bevind en gevonnis tot R300.00 of 30 (DERTIG) dae gevangenisstraf. Uitstel is verleen vir die betaling van sy boete.

[4] Nadat die strafsaak van die rol verwyder is het die landdros tot die besef gekom dat sy die tweede wanverskyningsondersoek op 18 Mei 2016 foutiewelik ten opsigte van die wanverskyning van 29 Januarie 2016 gehou het en nie, soos wat sy veronderstel was, ten opsigte van die wanverskyning op 17 Maart 2016 nie. Sy vra gevolglik dat die skuldigbevinding en vonnis ten opsigte van die ondersoek wat op 18 Mei 2016 gehou is tersyde gestel word.

[5] Uit die oorkonde blyk dit dat die landdros korrek is in haar uiteensetting van die feite en dat daar inderdaad twee ondersoeke gehou is ten opsigte van die wanverskyning op 29 Januarie 2016 maar geen ondersoek ten opsigte van die wanverskyning op 17 Maart 2016 nie. Die skuldigbevinding en vonnis wat opgelê is op 18 Mei 2016 moet gevolglik ter syde gestel word en 'n ondersoek ten aansien van die wanverskyning op 17 Maart 2016 moet gehou word. Ons maak gevolglik die volgende bevel:

1. **DIE SKULDIGBEVINDING EN VONNIS VAN R300.00 OF 30 (DERTIG) DAE GEVANGENISSTRAF WAT DIE BESKULDIGDE OPGELê IS OP 18 MEI 2016 WORD TERSYDE GESTEL.**

2. **DIE SAAK WORD TERUGVERWYS NA DIE LANDDROS KAKAMAS OM ONDERSOEK IN TE STEL IN TERME VAN ARTIKEL 170(2) VAN DIE STRAFPROSESWET, NR. 51 VAN 1977, NA DIE BESKULDIGDE SE VERSUIM OM DIE HOFVERRIGTINGE BY TE WOON OP 17 MAART 2016.**

______________
**SL ERASMUS**
**WAARNEMENDE REGTER**

________________
**CJ OLIVIER**
**REGTER**